

Maandag 3 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 1:1-31; NGB, Art. 2

Fokusgedeelte: Genesis 1:1; NGB, Art. 2

Die Here stel Hom as Skepper bekend; sy skepsele erken, dien en vereer Hom

Die vlietende ontmoeting met die kassier by die kasregister of die kelner verloop gewoonlik anoniem. In 'n betekenisvolle ontmoeting stel albei partye hulleself egter bekend. In die eerste sin van sy Woord stel God Hom bekend. Daardeur tree Hy in 'n betekenisvolle verhouding met sy skepping.

“In die begin” verwys na die heel begin toe God alleen was. Hy het toe die hemel en die aarde geskep. Uit die Nuwe Testament weet ons die Vader het deur sy Seun geskep (Joh. 1:3; Kol. 1:16-18). Ook die Gees van God was aktief by die skepping betrokke (Gen. 1:3). God het die mens as man en vrou na sy beeld “geskep” (Gen. 1:27); hom uit die stof van die aarde “gevorm” (Gen. 2:7). Anders as die woord “vorm”, wat ook 'n menslike aktiwiteit beskryf, is God in die Bybel die enigste Een wat “skep”.

Deur sy profeet sê God dat Hy “Skepper” is van sy volk, sy kerk, in die persoon van Jakob en die Een is wat die nuwe persoon, Israel, “gevorm” het (Jes. 43:1, AFR20). Die kerk van die Here bestaan net danksy 'n almagtige skeppingsdaad van God gegrond op die verdienste van Christus en deur die lewensvernuwende werk van die Heilige Gees.

God onderhou steeds sy skepping en regeer daaroor. Hy eis dat sy skepping ook in 'n betekenisvolle verhouding moet Hom moet staan. Hiertoe is die mens by uitstek geroep, omdat hy die enigste is wat na God se beeld geskep is. Wie Hom misken, kyk die Here God se bekendstelling in die skepping en in sy Woord mis. Daarvoor is geen verontskuldiging nie (Rom. 1:20). As deel van die skepping van God (vgl. Ps. 8; 19:2-7; 104) en veral as sy kerk is ons daartoe geroep om Hom as God te erken, dien en vereer.

Sing: Psalm 19-1:1, 2

Ds. JH Jordaan (Johan) (emeritus)